Donderdag **19 September**

**Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18**

**Fokusgedeelte: Johannes 1:14 (AFR83)**

**Die Woord wat mens geword het, én die mens wat gewoon mens is ...**

Neem Johannes 1:14 in u hand. Beleef die werklikheid én die waarheid van veel meer as bloot informasie oor die Woord wat mens geword het. Kniel voor God se aangesig en besef onder leiding van die Heilige Gees dat Johannes 1:1-18, maar spesifiek vers 14, die kern van die evangelie verwoord!

*“DIE WOORD HET MENS GEWORD EN ONDER ONS KOM WOON!”*

En die “Woord” het ’n naam, tewete Jesus. In Hebreeus, “die Here help, die Here is heil”. ’n Gewone (naam)woord vir alles behalwe ’n gewone “Woord”! Jesus is die “Woord” se naam. Die Jesus-naam, die “Woord”-naam waarvan Ursinus sê:

*“Hierdie naam (Jesus) is soos ’n kort evangelie van ons saligheid,*
*’n sterk skild teen alle aanvegtinge!”*

Die “Woord” se naam is Jesus. Hy maak salig. Welgeluksalig is die mens wat met liggaam en siel aan Jesus Christus behoort. Mens onder ons en in sy persoon die misterie van God met die gewoonheid van ’n sterfling verbind het.

Die Saligmaker het onder ons, by ons kom woon. Hy breek deur alle selfopgerigte skerms van eiewaan en eiegeregtigheid. Hy laat die sondaar sy/haar sondenaaktheid sien. Hy maak die verborgenhede van die koninkryk van God vir menskinders verstaanbaar. Hy stap die lewenspad saam! Hy help! Hy verstaan ... Verlosser en Saligmaker.

Lewenslange troos, opgeskryf en aangegee tot in vandag se tyd: die kern van die evangelie. Die Woord het vlees geword. Om in dag en tyd te bely:

*“Ek voel my sterk, aan U verbonde;*
*my mond vind tot u lof*
*gedurig ruimer stof ...* (Ps. 71).

*Sing: Skrifberyming 4-8:1, 2*

*Dr. PH (Pieter) Heystek (Pretoria-Montanapoort)*